







T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za
Eredienste: 8h00, 10h00 & 18h00

FAMILIENUUS SONDAG 8 November 2026

08:00 &10:00

Prediker: Dean Bentley
Teks: Johannes 21:15-19
Tema: Het jy my lief?

18:00

Geen aanddiens

Kuierkerk (Senior jeug)
Afsluiting by Santosstrand

Die spesiale deurkollekte gaan vandag vir die Getuienisbediening: Spesiale behoeftes van sendelinge.

KATEGESE

3jr - Graad R:	**10:00 Kleuterkerk** (kleuters sit by ouers tot kindertyd en gaan daarna uit na hul klassie).
Graad 1 – 3:	**08:50 in Borrelklub**
Graad 4 – 6:	**09:00 in Gemeentehuis**
Graad 7 – 10:	**18:00 Kuierkerk afsluiting te Santosstrand**

PREDIKANTE:

Henri Meyer
henri@ngmosselbaai.co.za
083 455 6940

Dean Bentley
dean@ngmosselbaai.co.za
084 782 4595

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk buite die Gemeentehuis.

NUWE LIDMATE

Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

www.ngmosselbaai.co.za ngmosselbaai "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

MAANDAG 9 November		
DINSDAG 10 November	09:00 Samaritaan kospakkiedag/kleingroep 10:00 Bybelstudie vir vroue	13:00 Bloedbank 18:00 Vrouegroep
WOENSDAG 11 November	11:00 Bybelstudie vir Seniors	17:00 Bybelstudie (Danabaai) 18:00 Jong volwassenes
DONDERDAG 12 November	11:00 Oud-Polisiebond Kerkdiens en funksie (Klipkerk)	18:00 Mannegroep
VRYDAG 13 November	06:00 Wild@heart manne	10:00 Verjaardagtee vir 80-jariges

PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer (tans elke Woensdag) bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudings probleme, huweliksprobleme, geloofs probleme, werkskrisisse, rousmart, ens.

Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

GEBEDSBROKKIES

Vrugte van geloof:

Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen hierdie soort dinge is daar nie 'n wet nie.

Galasiërs 5:22-23

Ek wil nie net ñ geloof besit nie. Ek wil ñ geloof hê wat van my besit neem.

CHARLES KINGSLEY (1819 - 1875)

BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Die volgende lidmate se Bewys van Lidmaatskap is na ons oorgeplaas:

- Willem Casparus Liebenberg en Hilde Maria Troskie (nou Liebenberg, vanaf NG Vandermerwe (Bonnievale);
- Susanna Helena Liebenberg (nou Van der Riet), met Louis le Sueur en Lieben le Sueur van der Riet, vanaf NG Vandermerwe (Bonnievale);
- Adriaan Renier Du Toit en Marijke De Wet (nou Du Toit), vanaf NG Weltevreden;
- Hendrina Cecilia Rossouw (nou Van der Walt), vanaf NG Hospitaalpark (Bloemfontein).

KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

KERKRAAD

Op die kerkraadsvergadering van 26 Oktober 2026 is Ds Schalk Scott van NG Klerksdorp–Goudkop, beroep as derde leraar vir ons gemeente.

OPSKOPPERS: AFSLUITINGSFUNKSIE

Kom sluit op Vrydag, 20 November 'n wonderlike, geseënde Opskopperjaar saam met ons af met 'n heerlike kuier by Misty Valley (8km buite Hartenbos)
Tyd: 12:00
Koste: R135 per persoon
Keuse van vier:

1. Chicken schnitzel & souse, met aartappelskyfies/misty slaai, glas wyn plus roomys.
2. 200g Sirloin steak, aartappelskyfies/misty slaai, glas wyn plus roomys.
3. Medium Hawaiian-pizza met wyn, sap of koffie, roomys.
4. Medium spek en vye-pizza, glas wyn, sap of koffie, roomys.

Die lys vir bespreking, betaling en spyskaart-opsie en is by die kerkkantoor beskikbaar. Getalle is beperk tot 100. Daar is nog enkele plekke beskikbaar. Sluitingsdatum is 10 November.

SKAAPKOPETE 11 DESEMBER 2026

Kom geniet 'n heerlike, gesellige skaapkopete in die Klipkerk, Vrydagaand, **11 Desember 2026** om 18:30 vir 19:00.
Koste is R240 per persoon. Ingesluit in die prys: 'n Heerlike skaapkop; 'n Draft bier of 'n glas wyn & Roosterkoek met botter en konfyt.
Bring asb. eie eetgerei en drinkgoed indien jy iets anders verkies.
Bespreek & betaal by kerkkantoor

ONTHOU ASB: 22 November is daar slegs een diens om 18:00. Geen oggenddienste weens die "Ironman" wedloop.

KAROO @ SEE VLEISFEES 20 & 21 NOV

Vrydag 20 November is dit weer ons heerlike Stoepstories & Smullekker Karoo-ete teen R180/persoon.

Daar gaan ook 'n wynveiling, saam met 'n paar ander spesiale items, wees. Maak dus seker jy mis nie die Vrydagaand nie!

En dan natuurlik die vleis! Daar is lammers te koop teen R160/kg, verpak in 9 kg pakke. Saterdagoggend kom haal jy jou lam en kan jy sommer ook nog heerlike skenkels, kerrietjops en 'n paar ander lekkernye koop.

Ons doen hierdie fees in samewerking met NG Carnarvon. Maak seker jy koop jou kaartjie en bestel jou lam so gou moontlik, sodat jy nie uitmis nie!

Die bestelvorm is op Googleforms (Die skakel is op ons Gemeente Whatsappgroep gelaai). Kom vra gerus by die Kerkkantoor indien jy nie daarmee regkom nie. Ons sien uit daarna om die naweek saam met julle te kuier!

SEEWINDBEDIENING

Kersgeskenk insameling vir ongeveer 50-60 haweloses: (75% mans / 25% vroue)
Ons versamel toiletware soos sjampoo, wasseep, waslappies, tandeborsels, tandepasta, aanroldeodorant, lyfroom, weggooibare skeermesse, wasgoedseep, haarborsels/kamme.
Bring dit gerus saam kerk toe of laai dit weeksdae by die Kerkkantoor af.
Finansiele skenkings is ook welkom. Gebruik asb "Seewind" as verwysing.
Baie dankie vir jou oop hand en omgee hart!
Saam bring ons hoop hierdie Kersfees.
Kontak Arrie Bezuidenhout (083 452 0861) vir navrae.

GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise, **Gerhard Stander; Ingrid de Klerk,** beroerte; **Mientjie Swart**, hartomleiding (Johan 081 875 5178); **Marie Greeff**, hospitaal (George 084 826 0290); **Hanlie Louw**, (Tjaart 072 628 5094); **Tonkels Janse van Rensburg**, (Rina 084 448 2017); **Johan Swanepoel**, hart (Hannetjie 082 783 1022); **Fanie Viljoen** (Lizeth 079 230 2527); **Aldrich Kruger,** kanker (ouma Barbara 083 719 2313); **Henk Keuris**, longkanker (Christa 083 408 9336); **Corlene Lombard,** (082 459 2328); **Jan Steyn**, (Lynette 083 627 1294); **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.

IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

†**Marianne Pienaar,** haar gedenkdiens was Saterdag 7 Nov. te Fynboshoogte kapel.

GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/
Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

FINANSIËLE BYDRAES

Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

Vir sendingbydraes:
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

BEDIENINGS

VOORSITTER: Cobus Coetzee, 082 453 3305
ROEPING: Ben Joubert 082 921 0348
AKSIE SAMARITAAN: Johan Meyer, 082 772 5490
DIAKONIE: Koos Crause, 083 229 1178
EIENDOMME: Willem Knoetze, 082 408 6769
EREDIENS: Dennis Engelbrecht, 083 251 5998
FINANSIES: Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
FAMILIE: Jacques le Clus, 073 172 8424
GETUIENIS: Herman van Huyssteen, 083 393 3760
OMGEE: We-Nita Joubert, 082 414 5608
- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

SENIORS: Jan de Witt 082 695 3672
- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

GEBED: Cedric Coetzer, 083 489 3688 en Alta van Zyl, 083 257 3884
DVK: Kobus Weideman 082 807 5154
NUWE LIDMATE: Frank Tomas, 083 388 3657
GASVRYHEID: Petro Proudfoot, 082 775 3473
KOMMUNIKASIE: Dean Bentley
BASAAR: Louwrens de Wet, 083 308 4463

KERKKANTOOR – 044 691 2465

Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00; Sondag 09:00 – 09:30 & 11:00 – 11:30
Admin. Beampte (Skriba):
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
Finansiële Beampte (Kassier):
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
Koster:
Johann Rossouw: 076 582 0619
Musiekleier:
Franco Engelbrecht: 079 926 1818
Pastorale Terapeute:
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127
Pastorale werker (ouetehuise)
Ben Joubert: 082 921 0348